

Maandag 15 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 4:7-12

Die Gewer, karakter en doel van die gawes om die eenheid te handhaaf

Die Here gee inligting oor die boumateriaal wat die kerk tot sy beskikking het om die eenheid te handhaaf. Hy gee gawes of genadegawes wat nodig is vir die opbou en bewa-ring van die eenheid. Dit is die verheerlikte Christus wat die gawes gee aan wie Hy wil en watter gawes Hy wil. Omdat Hy alle magte op aarde oorwin het en na die hemel opgevaar het, kan Hy nou die vrug van die oorwinning aan sy kerk uitdeel. Die gawes is 'n ryke ver-skeidenheid, maar die gawes moet goed en ordelik in die kerk van die Here funksioneer.

Christus deel daarvoor nog meer en ander soort gawes uit. Dit is mense in besondere dienste: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Die apostels en profete het die fondament van die kerk met hulle prediking gevorm. Die evangeliste dra die evangelie uit na mense wat nog nie van die Here gehoor het nie, en die herders en leraars versorg die kerk geestelik.

Die doel waarom Christus die gawes gee, is om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus. Elke lidmaat in die liggaam van Christus is belangrik, en daarom moet die leiers – as dienaars van die lidmate – hulle afrig en gesondmaak om hulle dienswerk te kan doen. Die finale doel van die toerusting van lidmate is om die gemeente in die eenheid op te bou. Nie een van die gawes mag ter wille van eie voordeel gebruik word nie.

Sing: Psalm 40-1:4

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)